US se jongste eregraduandi

Prof Maria Ramos, Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Transnet; Biskop Johannes Ulster, bekende gemeenskapsleier van Elim en Genadendal; die Hoogeerwaarde Heer Njongonkulu Ndungane, Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad, die wêreldbekende dramaturg, regisseur en toneelspeler, Harold Athol Lannigan Fugard, en die leksikograaf, Herbert Ernst Wiegand, is die Universiteit se jongste eregraduandi.

Die graad DComm, *honoris causa*, is aan prof Ramos toegeken vir haar rol in die herstrukturering van Suid-Afrika se staatsfinansies en vir haar besondere bydrae om die land te stuur na makro-ekonomiese stabiliteit en volhoubare ekonomiese groei.

Die graad DPhil, *honoris causa*, is aan Biskop Ulster toegeken vir sy uitnemende bydraes tot die Morawiese kerk in die tydperk toe kerk, skool en gemeenskap heg vervlegd was; vir sy rol as gemeenskapsleier in die burgerlike samelewing en vir sy bydrae as voorloper in vrywillige dienslewering aan armes en mense met MIV/Vigs of mense wie se lewens beïnvloed is deur MIV/Vigs. Die Hoogeerwaarde Heer Ndungane het die graad DTh, *honoris causa*, ontvang vir sy bydrae tot maatskaplike en ekonomiese geregtigheid, en uit erkenning vir sy rol as toonaangewende profetiese stem van die kerk in aktuele wêreldsake.

Athol Fugard het die graad DPhil, *honoris causa*, ontvang vir sy uitsonderlike bydrae as dramaturg, regisseur en toneelspeler tot die aard en wese van die teater as kunsvorm in Suid-Afrika, vir sy noue betrokkenheid by die kulturele stryd om 'n demokratiese samelewing en as erkenning van sy unieke status as een van die toonaangewende toneelkunstenaars in die internasionale arena.

Die graad DLitt, *honoris causa*, is aan Herbert Ernst Wiegand toegeken vir sy betekenisvolle bydrae tot die Germanistiek, taalwetenskap en teoretiese leksikografie met 'n uitgebreide teorie wat 'n model bied vir die samestelling van woordeboeke vir Afrikaans en ander taalgroepe in Afrika. Ramos, Ulster en Ndungane het hul eregrade tydens die Universiteit se Desember Gradeplegtigheid ontvang terwyl Fugard en Wiegand in April vereer is.

Nuwe Matie-eredoktorandi. Prof Chris Brink, Rektor en Visekanselier; die Hoogeerwaarde Heer Njongonkulu Ndungane, Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad; dr Maria Ramos, Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Transnet; Biskop Johannes Ulster, bekende gemeenskapsleier van Elim en Genadendal; dr Trevor Manuel, Minister van Finansies en gasspreker tydens die Desember-plegtigheid; en die Kanselier, prof Elize Botha.

Eregraadontvangers! Die dramaturg Athol Fugard en die leksikograaf Herbert Ernst Wiegand het eredoktorsgrade van die Universiteit tydens die April-plegtigheid ontvang.

Rekord-oes doktore in land- en bosbou

Die Fakulteit AgriWetenskappe het 'n rekord-oes aan PhD's vir die 2005 akademiese jaar behaal toe 16 studente die grade PhD (Agric), PhD (Bosbou) of PhD (Voeselwetenskap) verwerf het. Nagenoeg 35 studente het hul MSc-grade verwerf.

Volgens die dekaan van die fakulteit, prof Leopoldt van Huyssteen, bevestig dit die impak wat die fakulteit het op navorsing in die land- en bosboubedrywe van Suid-Afrika. "Hierdie hoëvlak kundighede is uiters noodsaaklik omdat die landbou en bosbou van vandag hoë tegnologie bedrywe is," sê hy. "Ons studente doen bedryfsverwante navorsing om voorpunt tegnologie te verseker aan die bedrywe wat ons bedien."

Die PhD-graduandi tydens die April gradeplegtigheid saam met die dekaan van die fakulteit, prof Leopoldt van Huyssteen. Voor, van links, is drr Khanyisile Mbatha, Marelize de Villiers, Annalien Dalton, Nelson Turyahabwe en prof Leopoldt van Huyssteen. Agter is drr Wessel du Toit, Joubert van Eeden Nolte, Khosi Ramachela, Jeremia Pretorius en Gerhardus Scheepers. Drr Mohammad Karaan en Elsje Pieterse was afwesig.